

HOOFSTUK IV.

ONDERWYS ONDER DIE ENGELSE BEWIND, 1877 - 1881.

1. Lyle as Superintendent.

Op 12 April 1877 het Shepstone die Z.A.R. geannekseer. Die amptenare van die vorige bewind het voorlopig aangebly onder die nuwe bestuur. Shepstone het op 4 Junie 1877 vir J.Vacy Lyle aangestel as Superintendent van Opvoeding en sodoende langsamerhand vir Van Gorkum oorbodig gemaak, sodat hy hom genoodsaak gevoel het om op 21 Maart 1878 te bedank.

(Shepstone het kort na die anneksasie aan Van Gorkum opdrag gegee om 'n verslag oor die onderwystoestande in Transvaal op te stel, dog kort daarna het hy Lyle opgedra om ondersoek in te stel na die toestand van die onderwys in Transvaal, die wette wat die onderwys beheer, en die aanpasbaarheid van daardie wette by die wense van die publiek en die bepaalde landsomstandighede. Lyle het dadelik aan die werk gespring om sy opdrag uit te voer en het informasie ingewin van predikante, skoolkommissies, onderwysers en privaat persone wat groot belangstelling in sy ondersoek getoon het. In November 1878 was sy verslag gereed; dit is ook gepubliseer in die Transvaal Government Gazette, no. 95 van 7 Januarie 1879. Dit is die eerste verslag van 'n Superintendent van Onderwys in Transvaal en gee 'n uitstekende insig in sake op onderwysgebied, vergesel van interessante aanbevelings. Dit moet egter met sekere voorbehoude aanvaar word.

2. Belangrike aanbevelings in die Lyle-rapport.

Die verslag skets kortliks die Transvaalse onderwystoestande onder Burgers. Hy gee daarna die hoofinhoud van die Burgerswet en som dan die redes vir die mislukking daarvan op, waarna hy dan enige wysigings ter verbetering van die stelsel aan die hand doen. Volgens hom is dit dringend noodsaaklik dat daar ekonomies te werk gegaan moet word en dat die behoefte in Transvaal laer onderwys is. Sy drie grondbeginsels is: godsdiensonderwys, ekonomie en laer onderwys.

„I propose then that the attention of the Government should be principally directed to the establishment of Elementsry Schools in the country districts: that is, where the need is the most pressing; the want most urgent, but that in addition, all schools in the

territory which reach a standard (both as regards number of pupils attending and efficiency in instruction) to be fixed, and are recognised by the Government should be assisted by a yearly, grant-in-aid' out of all public funds¹). Hierdie aanbeveling toon dat hy baie duidelik besef het waar die behoefte aan onderwys die grootste was. Weens die omstandighede van die land moes die rondtrekkende meesters noodwendig gebruik word, en hulle moes aangemoedig word om hulle kennis en metodes te verbeter. Hy het gevind dat die werk wat hulle gelewer het, inderdaad goed was.

In artikels 87-119 skets hy die volgende stelsel van onderwys:

- a. Die normale inrigting moes die ondersteunde skool wees en die regering moes alleen sy eie skool oprig waar dit absoluut noodsaaklik is.
- b. In Pretoria en Potchefstroom moes aan die bestaande skole 'n laer afdeling bygevoeg word, sodat die kinders eers die laer deel moes deurloop of as hulle van ander plekke kom, 'n toelatingseksamen moes doen vir die hoër afdeling.
- c. By hierdie plekke moes skoolkoshuise opgerig word om kinders van buite te huisves.
- d. Begaafde maar behoeftige kinders moes van goewermentsweë ondersteuning kry.
- e. In alle skole moes soveel moontlik plaaslike talent gebruik word vir kwekelinge, en in die twee skole in Pretoria en Potchefstroom moes gedeeltelik toegespits word op die opleiding van onderwysers.
- f. Subsidies en salarisse moes nie langer betaal word nie, maar die toelae moes gereël word volgens die uitslae.
- g. Daar moes 'n vaste standaard wees vir 'n vergelykende inspeksie.
- h. In die ondersteunde skole moes daar eenvormigheid van handboeke wees.
- i. Skoolinspekteurs is wenslik, maar voorlopig kon predikante hulp verleen met die inspeksiewerk.
- j. Die plaaslike skoolkommissies moes bly bestaan om toesig te hou oor die skool.

3. Die ondersteunde skole.

Na die verskyning van die Lyle-rapport is die beginsel van ondersteunde in plaas van staatskole al gou goedgekeur. Hangende die opstel van 'n nuwe onderwyswet wat die bestaande een moes vervang, is daar voorlopig regulasies uitgevaardig vir die uitbetaling van subsidies aan skole ¹). Hierdie regulasies sou geen ingrypende veranderings aanbring nie maar was alleen bedoel om reeds dadelik die nuwe opvatting aangaande ondersteunde skole te kan toepas op alle private inrigtings wat aan sekere vereistes voldoen.

a. Primêre subsidie.

Vyf sjielings per maand (gereken teen 12 maande per jaar) sou aan die eienaar of bestuurder van die skool betaal word vir elke leerling wat die skool gereeld besoek (art. 6) Die minimum aantal leerlinge in 'n skool wat die uitbetaling van die subsidie sou regverdig, was 12 vir plattelandse skole en 20 vir dorpskole (art. 1)

Die maksimum bedrag wat aan enige privaatskool uitbetaal sou word, was £180 per jaar of vir 'n maksimum aantal skoliere van 60. Vir alle leerlinge meer as die 60-merk, sou geen addisionele subsidie betaal word nie (art. 10).

Hierdie subsidies is alleen uitbetaal aan skole wat die Superintendent van Onderwys bevredig het ten opsigte van bevredigende akkomodasie, onderwys en vordering van die leerlinge (art. 11).

Rondtrekkende meesters sou volgens dieselfde skaal as onderwysers van gevestigde skole ondersteun word nadat hulle die Superintendent van Onderwys oortuig het dat hulle bekwaam was om onderwys te gee en voldoen het aan die verdere vereistes soos op ander onderwysers van toepassing (art. 14).

b. Sekondêre subsidie.

Behalwe die reeds genoemde primêre subsidie sou ook sekondêre hulp verleen word, bereken volgens die resultate wat behaal is by die offisiële eksamen gedurende die jaar. Dit sou wees £1 per leerling per jaar wat in al sy vakke in standerd III geslaag het (art. 15),

1. Goewernmentskennisgewing no. 22 van 1879 in Transvaalsche Gouvernements Courant van 4 Maart 1879, 83.

en £4 per jaar aan alle leerlinge wat in standerd IV in al hulle vakke geslaag het. Hierdie bonus aan onderwysers sou soos volg verdeel word : by 'n skool met net een onderwyser, kry hy alles ; skole met 2 onderwysers : die hoof kry ses-tiendes en die assistent vier-tiendes ; 3 onderwysers : die hoof kry vyf-tiendes, die eerste assistent kry drie-tiendes en die tweede assistent kry twee-tiendes (art. 16).

Hierdie bonusse sou aan geen ander onderwysers betaal word nie, dog die geleentheid is aan rondtrekkende onderwysers gelaat om hulle leerlinge by naburige gevestigde skole ten tyde van gereelde inspeksies te laat eksamineer, en dan sou hulle ook, net soos onderwysers van gevestigde skole, op die sekondêre subsidie geregtig wees (art. 13).

/ Hierin bemerk ons 'n belangrike afwyking van die suggesties van Lyle daarin dat die skool nie noodwendig onder die jurisdiksie van die skoolkommissies, wat onder die bestaande wet gevorm is, val nie. Die kontrole kon toe min of meer heeltemaal in die hande van die ouers wees - dus 'n verdere afwyking van staatsonderwys.

Veral die Engelse en verengelste inrigtings het daar baie gou gebruik van gemaak. In April 1879 was daar 9 skole met 393 leerlinge onder hierdie regulasies. Die goewermentskole het ook 'n goeie inskrywing gehad. Van 9 met 306 leerlinge in April 1877 het die aantal gestyg tot 11 met 445 leerlinge in April 1879. Die koste per kind in die laaste geval was £7.3.9, terwyl dit in die geval van ondersteunde skole £3 was. In die geheel het daar nou 838 kinders onder die Onderwysdepartement geval, dus meer as dubbel soveel as wat daar ooit onder die Republiek was 1) /

c Privaatskole 2).

Benewens die voorgenoemde skole het daar in 1877 ook nog 'n paar privaatskole bestaan wat geen ondersteuning van die staat ontvang het nie maar self alle koste aan die onderwys moes dek. Daar was een te Morgenzon, naby Rustenburg, waarin Duitsers, Engelse en Hollanders onderrig is ; 'n Engelse dagskool in Pretoria onder mnr. Lawrie, wat goed bygewoon is ; 'n Engelse laerskool te Potchefstroom

1. Goewermentskennigewing no. 1689 van 1879

2. Lyle : Report on the Conditions of Education, art. 43 -48.

onder Forbes, wat ook goed bygewoon is ; een te Lydenburg onder mej. Proksch en nog een te Rustenburg onder 'n Engelse predikant, Richardson.

Drie belangrike skole het ook sedertdien ontstaan : 'n seminarie vir jong dames in Potchefstroom , wat goed ondersteun is ; 'n soortgelyke inrigting in Pretoria met 82 leerlinge onder mej. Clary as hoof en nog 'n derde skool wat in Pretoria aan die Katolieke Kerk verbonde was.

Nie een van hierdie privaatskole het enige ondersteuning van staatsweë ontvang nie maar sou van 1878 af ontvang.

4. Onderwys onder superintendent H. S. Bosman.

Dr. Lyle is in 1879 oorlede, waarop ds. H. S. Bosman tydelik as waarnemende Superintendent van Onderwys aangestel is ¹). Hy was goed op hoogte van onderwystoestande en het self onderwys gegee in die "Prospect Seminary", 'n inrigting vir jong dames, wat onder sy sorg gestaan het.

Vroeg in 1880 het hy sy eerste verslag oor die onderwys uitgebring ²). Hy was van oordeel dat die twee bestaande stelsels, goewerments- en ondersteunde skole, nog 'n tyd lank moes bly voortbestaan. Gesien in die lig van die gespanne politieke toestand van daardie tyd, was dit 'n verstandige beleid. Hoewel hy geen ingrypende wysigings voorgestel het nie, het hy tog enige veranderinge met betrekking tot goewermentskole aan die hand gedoen ³). „De zaak (onderwijs) is van zulk overgroot belang dat het Gouvernement niet ongezind moest zijn jaarlijks ten minste £10,000 aan onderwijs te besteden, inplaats van de armzalige som van £4,000, zocals dusverre" (art. 13). Hy het voorgestel dat die mense self 'n belasting op hulle moes lê (moontlik in die vorm van 'n skoolgeld) en kollekteer ten einde hulle skool in stand te hou. Hulle moes daadwerklik bydra tot die onderwys van hulle kinders en nie alles van die staat verwag nie. Die goewerment moes ook orals waar nodig goeie skoollokale bou en nie

1. Goewermentskennisgewing no. 73 van 1879.

2. Transvaalsche Gouvernements Courant , 20 April 1880, 239.

3. Artikels 10 - 28 van sy verslag.

kerkgeboue as skoollokale ~~moet~~ gebruik nie. Vir dié doel moes die regering jaarliks 'n bedrag afsonder sodat skole en onderwysgeboue gebou kon word, maar plekke vir die doel moes uitgesoek word waar die meeste plaaslike hulp aangebied word, want "tot hiertoe is de geheele last-post van uitgaven op het Gouvernement gevallen, en ter naauwernood iets op het publiek" (art. 24). Ook moes 'n begin gemaak word met die oprigting van 'n hoërskool vir seuns in Pretoria en in Potchefstroom.

Hy het hoofsaaklik sy voorganger se beleid voortgesit, hoewel hy ten gunste was van betaling volgens uitslae. Hy het hom sterk uitgespreek teen skoolkommissies en ouerbeheer, omdat hy hulle as van weinig nut beskou het en omdat hulle eindelose twiste meer nadeel as voordeel vir die skole gebring het. 'n Blywende skoolstelsel kan volgens hom alleen opgebou word as daar goeie geboue, onderwyserswonings, hoër salarisse en goeie onderwysers was. Volgens hom kon die goewerment £200 aan die hoof betaal, en dan moes vrywillige bydraes en skoolgelde nog 'n verdere £100 oplewer. Skoolgelde moes gekollekteer en by die staatskas inbetaal word vir latere terugbetaling ten einde reëlmatigheid in uitbetaling van plaaslike skoolgelde en bydraes te verseker (art. 25). In artikels 29 - 34 gee hy dan sekere wenke vir die gesubsidieerde skole aan die hand: 'n vaste minimum tarief van skoolgelde teen 3/- per maand per kind, bekwame onderwysers en die in orde hou van registers.

Lyle het in sy rapport aan die hand gedoen dat skole gereeld geïnspekteer moes word maar het ingesien dat die nodige inspekteurs weens die armoede van die land nie aangestel kon word nie, en hy het derhalwe aanbeveel dat predikante dié werk moes doen waarvoor hulle dan 'n klein honorarium sou ontvang vir elke inspeksierapport. H. S. Bosman het iets in die rigting gedoen deur ds. J.P. Jooste in 1880 as adjunk-inspekteur aan te stel.

5. Die Onderwyswet van 1880¹⁾.

'n Nuwe onderwyswet, Wet no. 10 van 1880, bestaande uit 6 artikels, is in Junie 1880 goedgekeur deur die Administrateur van

Transvaal en het op 8 Junie in werking getree ¹). Die doel van hierdie kort wetjie was om die wyse te reël waarop uit publieke inkomste subsidies verkry kon word ten dienste van algemene onderwys.

Artikel 1 herroep Wet no. 4 van 1874 en alle ander wette, ordonnansies en Volksraadsbesluite wat strydig mag wees met Wet 10 van 1880.

Artikel 2 het bepaal dat gelde beheer sou word deur 'n amp-tenaar wat deur middel van die Superintendent van Onderwys dit sou be- stee ooreenkomstig die onderwyswette en - reglemente wat van tyd tot tyd gemaak sou word. Verder moes jaarliks 'n verslag van sodanige gelde aan die Wetgewende Vergadering voorgelê word.

Artikel 3 bepaal dat alle skole wat ondersteun of gehelp word uit publieke gelde, onderworpe sal wees aan inspeksie deur die Superintendent of sy plaasvervanger.

Artikel 4 bepaal dat die Superintendent alle skole en inrig-tinge van opvoedkundige aard wat uit die provinsie se inkomste ge- subsidieer word, sal inspekteer.

Artikel 5 lê neer hoe die goewermentskole wat op die begro-ting geplaas is, gesluit mag word, naamlik by die dood, die bedanking of afsetting van die onderwysers tans aan die op die begroting geplaas- te en bestaande goewermentskole of soveel vroeër as wat omstandighede sal toelaat.

Die laaste artikel gee slegs die naam en datum van inwerking- trede van die wet.

Die wet laat die reëling van die onderwys egter oor aan regu- lasies wat later opgestel sou word. Dit het in die Goewermentskoe- rant van 31 Augustus 1880²) verskyn en het dié van 1879 vervang. Die kern daarvan is dieselfde en die basis is nog die skema deur Lyle voor- gestel, dog die gedagte aan hoërskole is prysgegee. Die doel is om soveel moontlik aan privaat inisiatief oor te laat, veral later.

1. Staatskoerant, 8 Junie 1880, 389.

2. Bladsye 620 - 621.

Die ouers is hier direk verantwoordelik vir die onderwys. Bepaalde goewermentstoelaes word betaal vir salarisse, terwyl ook hulp gegee sou word by die oprigting van skoolgeboue. Alleen aan dié skole waar die ouers skoolgeld betaal, sou toelaes betaal word (art.4). Die skoolgelde mag nie minder as 2/- en nie meer as 20/- per maand per skoolgaande kind wees nie behalwe waar meer kinders van dieselfde gesin skoolgaan (art.5).

Die Administrateur het die reg om op elke skool een gratis leerling toe te laat vir elke £5 of gedeelte daarvan van die maandelikse bedrag wat uit publieke inkomste aan subsidie ten behoeve van sodanige skool toegestaan word, met dien verstande dat dit tot die behoeftige leerlinge in die skool beperk bly (art.6)¹).

Die inspekteur sou die skole rangskik in skole van die 1ste, 2de en 3de klas namate die kinders tweederdes, die helfte of eenderde van die punte behaal in elk van die volgende onderwerpe, naamlik lees, skrywe, diktee en rekene (art.9).

Twee soorte subsidies sou betaal word. Die eerste soort sou afhang van die aantal leerlinge en die gehalte van die skoolwerk saam, terwyl die tweede soort sou afhang van die kwalifikasies en geslaagde onderwys van die onderwyser, ongeag die aantal leerlinge. Die toelae mag nie meer wees nie as 4/-, 6/- en 7/- per maand vir leerlinge van die 3de, 2de en 1ste klasskole nie.

Die subsidie van die tweede soort sou bestaan uit 'n jaarlikse toelaag aan die onderwyser (of hoof waar daar meer as een onderwyser is) van £10, £20 en £30 aan skole van die 3de, 2de en 1ste klas res-

1. Vorm van aanvraag wat gebruik moes word:

„Wij, de ondergeteekenden, zijnde hoofden van huisgezinnen in destad, dorp of distrikt..... bevelen aan dat de school, geleid door en onder toezicht van uit de publieke fondsen worde ondersteund.

Deze school is in bestaan geweest sedert dendag van....
.....18.....

Wij hebben de nominale lijst van onderwijs ontvangende leerlingen onderzocht en bevinden dat het aantal is.....namelijk,.....
.....mannelijken envrouwelijken.

(Hier volgt de handtekening van de
10 hoofden van huisgezinnen.)"

pektiewelik (art. 10)¹).

Artikel 14 bepaal dat subsidies alleen toegestaan kan word nadat die skool vir minstens een kwartaal aan die gang was.

Die agtiende artikel maak voorsiening vir die betaling van losiesgeld van £5 per maand aan die bestuurder van 'n koshuis met leerlinge in ondersteunde skole op voorwaarde dat die losiesplek goedgekeur is deur die Superintendent-Generaal van Onderwys en slegs wanneer daar aan ses of meer kinders losies verskaf word.

Van die nuwe wet en regulasies het egter niks tereggekome nie, want kort daarna het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek, en op 8 Augustus 1881 is die land weer teruggegee aan die oorspronklike besitters. Gedurende die grootste gedeelte van die oorlogsperiode is daar geen salarisse of toelaes uitbetaal nie, en die onderwysers wat aangehou het met skoolhou, is eers na afloop van die oorlog betaal.

Hiermee sluit die tydperk van onvoldoende en halfgeorganiseerde onderwys af en begin die laaste en roemrykste tydperk in die geskiedenis van die onderwys onder die Republiek.

6. Koste aan onderwys.

Die aantal skole wat in 1877 in die Transvaal bestaan het, die aantal leerlinge wat skoolgegaan het, die koste aan die onderwys deur die staat en deur die ouers by wyse van skoolgelde, die totale koste van onderwys en die koste per leerling per jaar is reeds hierbo gegee.

Die staatsuitgawes aan onderwys in 1879 was £4,022:14:9, bestaande uit £2,670:0:1 aan salarisse, £1,296:6:8 aan subsidies en £56:8:0 reistoelae aan die Superintendent van Onderwys. Dit is egter £1,052:5:3 minder as die bedrag waarvoor begroot is, maar dit is £669:19:3 meer as die uitgawe in 1878²).

1. Hierdie vorm moes ingestuur word: „Wij certificeeren dat er behoeftes bestaat aan eene school in.....stad, dorp of distrikt..... en dat de personen die bovenstaande aanbeveling teekenden, op het oogenblik verblijf houden op de plaats waar de school gehouden zal worden.

(Handteekening van den Landdrost.)¹¹

(art.13).

2. Blue Book for the Transvaal Province, 1879, 11.

Daar was in 1879 twaalf goewermentskole en 11 privaatskole wat ondersteuning van die regering ontvang het in die vorm van salarisse en subsidies. In die werklike goewermentskole was daar 341 leerlinge, aan wie gemiddeld per kind aan salarisse £7.16.7 bestee is. Die subsidie bygereken bring dit op £9.0.4 per kind te staan, terwyl die publiek ongeveer £1.9/- vir elke kind betaal het in die vorm van skoolgelde. Dit bring dus die gemiddelde uitgawe per kind in die goewermentskole op £10.9.4 te staan¹).

Vergelyk ons dit egter met die gegewens van die vorige jaar, dan blyk dit dat die aantal leerlinge in die goewermentskole met 51 verminder het en dat die koste per kind vir die goewerment vermeerder het met £1.8.11. Die aantal ondersteunde skole het egter van 4 tot 11 toegeneem, en daaraan is £948 bestee teenoor £385 in 1878²).

In hierdie ondersteunde skole was die gemiddelde maandelikse inskrywing 357 en die ondersteuning per leerling het £2.13.1 beloop³). Die totale koste kan nie presies gegee word nie aangesien die opgawes van skoolgelde wat deur ondersteunde skole ingesamel is, ontbreek.

Dr. Lugtenburg gee ander gegewens as die voorgaande, maar dit kom daarby dat sy gegewens berus op die posisie/^{soos} in April 1879⁴). Toe was daar 11 goewermentskole met 445 leerlinge teen 'n koste van £7:3:9⁵) per hoof en 9 ondersteunde skole met 393 leerlinge teen £3 per kind, dus 'n totaal van 838 leerlinge in 20 skole teen 'n totale uitgawe van £4,379, wat neerkom op £5.4.6 per kind per jaar⁶).

Vergelyk ons die staatsuitgawes aan onderwys per kind per jaar onder die Burgerswet met die onder die subsidiestelsel van Lyle,

1. Blue Book for the Transvaal Province, 1879, 11.

2. Ibid.,

3. Ibid.

4. Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.R., 124.

5. Staatskoerant, 3 Mei 1883, 217, Bylae A: Voorlopige verslag.

6. Onderwysverslag oor die jaar 1886, 1. Hier moet in gedagte gehou word dat gedurende hierdie periode van die Engelse tussenregering die staat se finansiële jaar voortdurend gewissel het en nie saamgeval het met die kalenderjare nie. Die uitgawes aan onderwys moes gevolglik proporsioneel verdeel word en by elke verwerker daarvan word nie noodwendig dieselfde prosedure gevolg nie. Ook moet skattings van skole en leerlinge gemaak word en dié skattings moet in bewerkings gebruik word, sodat verskille in resultate voor die hand liggend is.

dan blyk dit dat laasgenoemde se stelsel meer leerlinge getrek het aangesien die aantal leerlinge gegroei het en minstens verdubbel het, en dat die koste per kind per jaar van £8.10/- in 1876 en £11.8.9 in 1877 gedaal het tot £5.4.6 in 1879¹). Hier moet egter in gedagte gehou word dat die Burgerswet weens die sogenaamde verbanning van die Bybel uit die skool baie ongewild was, en om daardie rede sou die aantal kinders op skool ook kleiner wees. Ook moes die ouers eers geleidelik gewoond geraak het om self geldelike bydraes vir die onderwys van hulle kinders te maak — iets waaraan hulle voor die Burgerswet omtrent niks gedoen het nie.

Die onderwysbegroting vir 1880 was £5,105, waarvan £3,225 aan salarisse betaal sou word. Die beraamde staatsinkomste en -uitgawes vir genoemde jaar was £159,658 en £153,751 respektiewelik²), met ander woorde ongeveer 4% van die landsuitgawes sou aan onderwys bestee word.

Die begroting vir die jaar 1881³) maak voorsiening vir die volgende uitgawes aan onderwys:

Salaris van die Superintendent van Onderwys	£600	
Klerk	220	
Potchefstroom-distrikskool: Hoof	200	
Assistent	125	
Zoutpansberg-wykskool: Onderwyser	100	
Utrecht-wykskool: Onderwyser	125	
Ventersdorp-wykskool: Onderwyser	125	
Lydenburg-distrikskool: Hoof	200	
Marico-distrikskool: Hoof	200	
Lichtenburg-wykskool: Onderwyser	<u>125</u>	£2020
Toelae aan 5 tweede klas-skole, 250 kinders	£1000	
Toelae aan 20 derde klas-skole, 600 kinders	1640	
Toelae aan 5 kosskole teen £60 elk	300	
Toelae aan 35 sendingskole	1050	
Toelae vir geboue	<u>600</u>	<u>£4590</u>
		<u>£6610.</u>

1. Onderwysverslag oor die jaar 1886, l. Ook Jeppe: Transvaal Book Almanac and Directory for 1881, 135 - 8.
 2. Transvaal Government Gazette, no. 227, vol. 1V, 6.12.1880, l.
 3. Blue Book for the Transvaal Province, 1881, 14, 15 en 16.

Volgens hierdie begroting moet daar ongeveer drie distrikskole en sowat 25 privaatskole gewees het, maar die uitbreek van die oorlog sal die aantal skole en die aantal kinders aansienlik laat verminder het. Weens die ontwrigting deur die oorlog veroorsaak, is gegewens vir die jare 1880-81 onvolledig en kan die aantal skole en kinders uit beskikbare bronne nie betroubaar saamgestel word nie. Bot¹⁾ praat dan ook van 9 skole met 206 leerlinge in 1881, terwyl daar twee jaar tevore in 1879 nog 20 skole met 838 leerlinge was²⁾. Nietemin bly dit eienaardig dat die begroting nie veel verskil van die van die vorige jare nie.

(Die politieke woelinge en onrus in Transvaal van 1876 tot 1881 sowel as die voortdurende wisseling van onderwysbeleid en superintendente in dié tyd, was in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat min tot stand gekom het! Ook die geldelike verslae laat veel te wense oor en laat mens in die duister. Die weergawe van begrotings en werklike uitgawes in die tyd verskil ook by verskillende bronne³⁾, en vanweë die gebrek aan volledige onderwysverslae en state vir die periode onder behandeling is dit nie moontlik om uit primêre bronne die toestand te rekonstrueer nie. Die volgende syfers, uit 'n verskeidenheid van bronne saamgestel, gee vir die doel van hierdie studie egter 'n verteenwoordigende oorsig van die persentasie wat die staatsuitgawe aan onderwys uitgemaak het van die totale staatsuitgawes, naamlik 1878: 2.2%; 1879: .7%; 1880: 3.3% en 1881: 4.1%. Hierdie persentasies is op sigself nie van veel waarde as weerspieëling van die onderwysstelsel of landsomstandighede nie, omdat hierdie tydperk juis 'n periode van onderwysveranderinge, wisseling, onrus, politieke spanning en oorlog met al die implikasies daarvan verteenwoordig. In 1882 het die onderwys 'n nuwe koers gekry, het daar meer vastigheid van beleid en in die finansiering gekom en het die onderwys 'n glorietydperk betree in vergelyking met die voorafgaande jare.

Hiermee sluit ons 'n hoofstuk uit die Transvaalse onderwysge-

-
1. Bot: Die ontwikkeling van die onderwys in Transvaal, 1836-1951, 16.
 2. Kyk bladsy 70 hierbo.
 3. Onder andere by Lyle, ds. S. J. du Toit, die Blouhoëke, gegewens van die Ouditeur-Generaal en die Tesourier-Generaal.

skiedenis af waaroor dit moeilik is om tot betroubare konklusies te geraak vanweë die onvolledige en onsistematiese aard van die gegewens wat uit hierdie tyd tot ons beskikking is.

7. Samevatting.

In hierdie afdeling het ons begin met die 1859-reglement, wat bepaal het dat die staat die onderwyser se salaris sou betaal, verder aangevul deur skoolgelde deur die ouers betaalbaar, terwyl die ouers ook die nodige skooltoerusting moes voorsien.

Die Onderwyswet van 1866 het 'n Algemene Skoolkommissie en plaaslike skoolkommissies daargestel om die onderwys te beheer, dog dit het so swak gefunksioneer dat die onderwys kort daarna aan die sorg van die Uitvoerende Raad, met al sy menigvuldige ander pligte, toevertrou is, totdat 'n Superintendent-Generaal van Onderwys onder die Burgerswet met die beheer van die onderwys belas is. Uiteindelik het dit daarop neergekom dat die staat die hele finansiële las moes dra, terwyl die ouers self omtrent niks direk bygedra het nie.

Die Burgerswet van 1874 het 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys in die plek van die vroeëre staatsonderwys gestel waarvolgens die regering toelaes volgens die inskrywing en die tipe skool sou betaal. Die ouers moes vasgestelde skoolgelde betaal, verskillend vir bepaalde leeftydsgroepe. Vaste salarisskale is opgestel vir hoofde en assistente van verskillende tipes skole, terwyl skoolkommissies moes sorg vir behoorlike skoolgeboue, meubels en toebehore, die gereelde invordering van skoolgelde en die betaling van salarisse aan die onderwysers; dog die meeste skoolkommissies was nie in staat om die werk te doen nie.

Lyle het gekom met 'n primêre subsidie van 5/- per kind en 'n sekondêre subsidie volgens 'n stelsel van „Payment by results“, naas die bestaande goewermentsskole van Burgers. Ds. Bosman het hom as Superintendent opgevolg en het die bestaande stelsel van goewermentsskole en ondersteunde skole laat voortduur. Die gelde sou beheer word deur 'n amptenaar wat aan die regering verslag moes doen, aangesien

ds. Bosman die skoolkommissies, wat syns insiens uiters onbekwaam was, afgeskaf het.

Gedurende hierdie periode is die onderwys hoofsaaklik deur die staat gefinansier; die oer-bydraes was onbeduidend.
